God roep my en het my nodig in Swartland Noord

Ons gemeente is die afgelope jaar tydens die onderskeie seisoene ingelig van al die dienswerk waarmee ons kerk tans besig is. Sodoende kon die gemeente insig kry waarmee die verskillende kommissies besig is en waar daar behoefte is vir addisionele hulp en ondersteuning. Baie van hierdie dienswerk is oor jare geidentifiseer in God se koningkryk, ons gemeente en dorp.

Ons gemeente is tans met n opwindende proses besig om die tradisioneel Vrouediens dienswerk, by die kerkraadsbedieninge in te fasseer.Sodoende gaan daar vir ons almal geleenthede wees om ons liefde vir die Here, ons medemens, ons gawes en ons passie in die Gemeente en dorp uit te leef. Die bestaande Vrouediens aktiwiteite gaan voort soos normaal tot einde 2012 en word ingefasseer in die kerkraadskommissies gedurende 2013.

Die kerkraad het dit goedgedink om die hele gemeente uit te nooi om op **1 November 2012** aan n oop gesprek deel te neem om ons diensbaarheid voor die Here te ondersoek. Tydens hierdie gesprek wil ons elke lidmaat die geleentheid bied om sy/haar insette te gee van waarmee u dink ons gemeente moet besig wees tot eer van God en Sy koningkryk. Daar mag dalk behoeftes wees in ons gemeente en dorp wat tans glad nie of min aandag kry en nou is die geleentheid om dit na vore te bring en te bespreek.

Nou is die geleentheid om dit waaroor jy passievol voel in ons gemeente met jou mede gemeentelid te deel en n verskil te maak, want God het jou nodig. Bid daaroor en bid asb dat God elke gemeentelid op Sy unieke manier sal aanraak om betrokke te wees. Nooi jou wyk, omgeegroep, biduurgroep, vriende en bure saam. Kom net God roep ons almal!

Soos God, ons Sy kinders, versorg en bemoedig, so is Sy opdrag ook aan ons

(2 Kor. 5: 17-19 "Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou") om dit tot uitvoering te bring.

Sien jou daar om **18h30** in die kerksaal.

Groete in Christus

Kerkraad Swartland Noord